**Deur President Henry B. Eyring**
Eerste Raadgewer in die
Eerste Presidentskap



# Die Gebed van Geloof

Gebed is meer as net woorde wat ons aan God spreek. Dit is 'n twee rigting kommunikasie tussen God en Sy kinders.

Wanneer gebed werk soos dit veronderstel is, deel ons die gevoelens van ons harte, in eenvoudige woorde. Hemelse Vader antwoord ons gewoonlik deur, gedagtes in ons verstand op te bring saam met sekere gevoelens. Hy hoor altyd die opregte gebed wat ons offer, wanneer ons dit met 'n toewyding op offer, om Hom te gehoorsaam, maak nie saak wat Sy antwoord mag wees nie of wanneer dit mag kom nie.

Die Here maak hierdie belofte aan almal wie die Boek van Mormon lees en daaroor bid:

"En wanneer julle hierdie dinge sal ontvang, wil ek julle vermaan dat julle God sal vra die Ewige Vader, in die Naam van Christus, of hierdie dinge nie waar is nie; en as julle sal vra met 'n opregte hart, met opregte begeerte, en met geloof in Christus, sal Hy die waarheid daarvan openbaar aan julle, deur die krag van die Heilige Gees.

"En deur die krag van die Heilige Gees, mag julle die waarheid weet van alle dinge." (Moroni 10:4–5).

Daardie belofte is verseker. Miljoene mense het daardie wonderlike belofte oor gebed, tot die toets gestel en het 'n seëning ontvang wat hulle lewens met vreugde en ewigdurende geluk, gevul het. Hierdie belofte is van toepassing op al ons gebede, wanneer ons die wil van God,vir ons, wil weet. Ons kan dit toepass, elke keer wat ons raad van 'n dienskneg van God af ontvang, wie die gesag het om aan ons leiding te gee. Byvoorbeeld, ons kan daarop vertrou, wanneer ons na 'n praatjie tydens die algemene konferensie geluister het. Ons kan dit toepas wanneer ons deur nederige sendelinge geleer word, wie deur God, deur die lewendige profeet, geroep is. Dit is ook van toepassing op die raad wat ons van ons biskop of tak president af ontvang.

Vir gebed om in ons lewens te werk, is die reëls baie eenvoudig. Ons moet vra om te weet wat is waar, deur tot die Vader te bid, in die naam van Jesus Christus. Ons moet met 'n opregte hart vra, wat beteken dat ons waarlik begeer om dit te doen, wat God se antwoord van ons sal vereis. En ons opregte belang moet afkomstig wees van ons geloof in Jesus Christus.

Die soeker wie die Boek van Mormon lees, voor hy of sy gedoop en bevestig word, mag beide die versekering ontvang dat die boek waar is, as ook 'n getuienis ontvang dat Joseph Smith dit waarlik deur die krag van God vertaal het. Nadat ons as 'n lid van die Kerk bevestig is, kan ons die Heilige Gees as ons metgesel ontvang om ander waarhede aan ons te bevestig. Dan, wanneer ons in geloof bid, kan ons verwag dat die Heilige Gees aan ons sal getuig dat Jesus die Christus is, dat God die Vader leef, en dat Hulle ons en al Hemelse Vader se kinders, lief het.

Hierdie is een van die redes hoekom daar 'n belofte in die Boek van Mormon is, dat ons menseliefde in ons harte sal hê, soos wat die Heilige Gees aan ons getuig dat Jesus die Christus is: "En as 'n man sagmoedig en nederig van hart is, en bely deur die krag van die Heilige Gees dat Jesus die Christus is, moet hy noodwendig naasteliefde hê" (Moroni 7:44).

Daar is 'n wonderlike geleentheid om geestelik te groei, elke vas Sondag. Vas Sondag kan ons help om 'n soortgelyke ondervinding te hê soos Alma en die seuns van Mosia, wie gebid en gevas het om ewige waarhede te verstaan sodat hulle die Lamaniete met krag en gesag en liefde kon leer (sien Alma 17:3, 9).

Op vas Sondag kombineer ons gebed en vas. Vir die seëning van die armes, gee ons 'n vrygewige vas offerande aan die biskop of tak president, gelykstaande aan die waarde van ten minste die twee maaltye wat ons opgeoffer het. Ons gedagtes en ons gebede word na die Verlosser gedraai en na diegene wie Hy wil hê ons moet dien, deur na hulle geestelike en tydelike belange om te sien.

Ons gebede en begeertes kom dus nader aan die gebede en begeertes van die Verlosser, soos wat ons vas om meer nederig, leerbaar en liefdevol te word. En soos Hy, bid ons ook om die wil van die Vader vir ons te weet en om dit te doen.

---

**ONDERRIG UIT HIERDIE BOODSKAP**

President Eyring leer dat gebed en vas ons kan help om "ewige waarhede te weet." Oorweeg waar die getuienisse van diegene wie julle besoek, versterking mag nodig hê, en berei dan 'n les oor daadie onderwerp voor. Byvoorbeeld, indien iemand wie julle besoek dalk 'n vriend of familie lid verloor het, mag julle dalk ewige families en die lewe na die dood, wil bespreek. Julle kan aanbied om saam met diegene wie julle besoek te vas, om hulle te help om 'n getuienis van daardie beginsel te ontvang.

## JEUG

### Voorbereiding, voor Julle Bid

President Eyring herinner ons dat gebed "'n twee rigting kommunikasie tussen God en Sy kinders is." Om tyd te neem om voor te berei vir ons gebede, kan daardie twee rigting kommunikasie moontlik maak. Jy kan jou joernaal gebruik om vir 'n paar minute elke dag, voor te berei, om te bid. Jy kan 'n lys maak van die seëninge waarvoor jy Hemelse Vader voor wil bedank, of van mense wie jou gebede nodig het, en vrae wat jy graag beantwoord wil hê. Nooi dan die Gees deur 'n gesang te sing of om 'n paar verse uit die geskrifte te lees. Soos jy bid, neem kennis van hoe die Heilige Gees jou lei in dit wat jy wil sê, en gee aandag aan jou gevoelens en gedagtes (sien L&V 8:2–3). Jy mag dalk jou ondervindinge en die antwoorde wat jy ontvang het, in jou joernaal wil neerskryf. Jy kan ook die aktiwiteite op bladsy 95–97 van *Preek My Evangelie: 'n Gids tot Sending Diens* wil gebruik, om jou te help om jou gebede te evalueer en om te leer hoe om die Heilige Gees te erken.

## KINDERS

### Gebed Toebroodjie

Hoe weet jy wat om te sê, wanneer jy bid? Jy kan jou gebede begin deur te sê, "Dierbare Hemelse Vader," en sluit hulle af deur te sê, "In die naam van Jesus Christus, Amen." Wat jy in die middel sê, is jou keuse, net soos wanneer jy kies wat jy op jou broodjie wil sit.

Teken 'n prentjie van 'n toebroodjie, en kies baie verskillende dinge, wat jy van sal hou, op jou toebroodjie. Op elke stukkie vleis of ander vulsel tussen die twee snye brood, skryf een ding waaroor jy wil bid. Jy kan ook "Dankie" sê vir seëninge, oor jou kommernisse praat, vir seëninge vra, of oor sekere vrae bid.

Jy kan jou prentjie van die toebroodjie uitknip. Hang dit in jou kamer op, om jou te help om die dinge te onthou, wat jy in jou gebede kan sê.

© 2014 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/14. Vertalings goedkeuring: 6/14
Vertaling van *First Presidency Message, October 2014*. Afrikaans. 10870 501

# Die Goddelike Missie van Jesus Christus: Brood van die Lewe

*Studeer hierdie materiaal, met gebed, om te weet wat om te deel. Hoe sal 'n begrip van die lewe en missie van die Verlosser jou geloof in Hom vermeerder en diegene seën oor wie jy waak, deur vroue besoek? Vir meer inligting, gaan na* ***reliefsociety.lds.org***

**Geloof, Familie, Verligting**

*Hierdie is deel van 'n reeks Vroue Besoek Boodskappe wat aspekte van die missie van die Verlosser bevat.*

Jesus het gesê, "Ek is die lewende brood, wat uit die hemel neergedaal het: as iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid" (Johannes 6:51). Ouderling D. Todd Christofferson van die Kworum van die Twaalf Apostels het gesê: "Jesus leer ons, Sy dissipels, dat ons elke dag na God moet kyk, vir die brood – die hulp en ondersteuning – wat ons vir daardie spesifieke dag, mag nodig kry," "Die Here se uitnodiging . . . getuig van 'n liefdevolle God, wie bewus is van selfs die klein, daaglikse belange van Sy kinders en Hy is angstig om hulle een vir een, by te staan. Hy sê dat ons, in geloof, van daardie Wese, kan vra 'wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt, en dit sal aan hom gegee word' (Jakobus 1:5)."[1] Soos wat ons verstaan dat Jesus Christus vir ons belange sal voorsien, sal ons ook na hom draai vir ons geestelike ondersteuning.

Ouderling Jeffrey R. Holland van die Kworum van die Twaalf Apostels, nooi ons uit om "in die avontuur te deel van die vroeë dissipels van Christus, wie ook na die brood van die lewe gesmag het – diegene wie *nie* terug gekeer het nie, maar wie na Hom toe gekom het, saam met Hom gebly het, en wie erken het dat vir veiligheid en verlossing, was daar geen ander persoon, na wie hulle ooit kon gaan nie.[2]

### *Bykomende Skrifgedeeltes*

Johannes 6:32–35; Alma 5:34; 3 Nefi 20:3–8

### *Uit die Skrifture*

Jesus Christus was besig om 'n skare van meer as 4,000 mense te leer. Na drie dae het Hy aan Sy dissipels gesë: "Ek voel innig jammer vir die skare, omdat hulle al drie dae by My bly en niks het om te eet nie:

"En as Ek hulle honger huis toe stuur, sal hulle op die pad beswyk. . . .

"En sy dissipels antwoord Hom, Waarvandaan sal 'n mens hulle hier in die woestyn kan versadig met brood?

"Toe vra Hy hulle: Hoeveel brode het julle? "En hulle sê, Sewe."

Daarop neem Christus "die sewe brode en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan sy dissipels om voor te sit; . . .

"En hulle het ook 'n paar vissies gehad: en nadat Hy gedank het, sê Hy dat hulle dit ook moet voorsit.

"En hulle het geëet en versadig geword en die oorskot van die brokstukke opgetel, sewe mandjies vol." Sien (Markus 8:1–9).

**NOTAS**

1. D. Todd Christofferson, "Erken God se Hand in Ons Daaglikse Seëninge," *Liahona,* Jan. 2012, 25.
2. Jeffrey R. Holland, "Hy Het die Hongere met Goeie Dinge Gevul," *Liahona,* Jan. 1998, 76.

### *Oorweeg Die Volgende*

Hoe voed Hy ons, wanneer ons na Christus toe kom?

© 2014 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/14. Vertalings goedkeuring: 6/14
Vertaling van *Visiting Teaching Message, October 2014*. Afrikaans. 10870 501